

Warriors wen Leeudoringstad

Rustenburg – Die Rustenburg Warriors, onder leiding van John Griffiths (hoofafrigter), is hard aan die oefen! Op Saterdag, 18 Maart 2017, het die manne skoonskip gemaak en wen Leeudoringstad oortuigend met 'n telling van 55-5. Die naweek, Saterdag 25 Maart, draf die Warriors op teen Matlosana om 17h30 by die Bobby's rugbyvelde. Kom ondersteun die Warriors gerus! Oefening sessies vind Maandae, Dinsdae en Donderdae om 18h00 plaas by die Bobbies Rugby klub. Alle belangstellendes wat by die manne wil aansluit, kontak vir Griffiths by 079-849 0813 of deur 'n e-pos aan john.griffiths@implats.co.za te stuur.



Kyk hoe onderskep die Warriors die bal in die lynstaan.

Impala berei voor vir Carlton Liga

Rustenburg – Rustenburg Impala Rugby Klub se Tweedes, die Vikings, het deurgedring na die Assupol finale te Loftus Versfeld op Saterdag, 18 Maart 2017, maar het die trofee verloor met 'n telling van 25-13. McDonald Duma en Marvan Lackay het beide goeie wedstryde gespeel. Volgende op die boeke vir die rugby manne van die Rustenburg Impala Rugby Klub, is die Carlton Liga wat op 22 April 2017 afskop. Die Pretoria liga sluit spanne soos Tukkees, Centurion en die Naka Bulle in. Impala skryf vyf spanne in vir die Carlton liga, die o/19, o/21, 3de span, 2de span en 1ste span. Sit solank die biltong bestelling in want hier gaan die groot honde blaf! Ons nooi almal uit in die dorp om te kom saam oefen! **Enige iemand wat by die klub wil aansluit, is meer as welkom om die bekende hoofafrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299.** Die Newrak Impala Rugby klub se jaarvergadering vind plaas op 27 Maart 2017 om 18h30. Alle geregistreerde lede word uitgenooi om die vergadering by te woon. Skakel Naas Olivier, bestuurder van die klub, by 082-926 8403 vir meer inligting.



SKRYF NET WRITING COMPETITION

Entries for the *Skryf Net* writing competition have finally opened! The *Skryf Net* administration seeks out, encourage and recognize writing excellence among primary school pupils in South Africa. The writing competition is open to any South African primary and home school pupil up to 13 years old. There are two age categories namely 6-9 year olds and the 10-13 year olds. Stories should be original and unpublished work of that writer. The story can be on any subject but not exceed 1,000 words. Entries can be typed in double spacing on one side of A4 paper with all pages showing the title of the story and your name. Hand written entries should be clear and legible. You may enter one story per entrant written either in: Afrikaans; English; Sotho or Zulu language. If you enter, aside from the awe and reverence of your teachers and fellow school friends, you are a contender to win the following; a R450 book voucher for the winner and R150 book voucher for the runner up in each language category. The deadline for entries is 30 June 2017. Written work may be edited by the adults for spelling mistakes only. Authors should be able to read their work. The winners may be asked to read their story live or in front of an audience. Entries should be posted to the following address: *Skryf Net* Writing Competition, P.O. Box 82046; Southdale; 2135. Entries may be also emailed to SkryfNetcompetition@gmail.com. Entries should include the author's contact details including parents' or guardian's telephone number.



Dikwena eye win over Bidvest Wits

Rustenburg – Platinum Stars is hoping to bag three points when they meet Bidvest Wits in the Absa Premiership clash at the Bidvest Stadium on Sunday, 2 April 2017. Kick-off is at 15h00 in the afternoon. Dikwena claimed 3-0 victory against Bloemfontein Celtics in their previous away match. With only six wins out of the 20 matches played, Dikwena find themselves position eight in the PSL log with 25 points. However, with Bidvest Wits on the second position in the log with 38 points, they will be looking for a win to top the log. Tickets for the match are sold at Ticketpro, G-Bets in Moruleng opposite the mall, Foro Spar Tlhabane, Dikwena Lifestyle Emporium in Phokeng Mall and Tommy's Inn in Kanana.



2017 MARAKELE MARATHON

Thabazimbi – Marakele National Park's most popular event, the Marakele marathon and half marathon's date has been announced to be the 08th of April 2017. This Comrades qualifier race is brought by SANParks in partnership with SANParks Honorary Rangers and Thabazimbi marathon club. This is a unique marathon which takes place inside the park and aims to bring both the ordinary members of the public as well as the professional running community of South Africa to have some fun and take "a run on the wild side". It also focuses the public and the media's attention on the importance of conservation and highlights various fundraising and tourism initiatives which are key to the functioning of a national park. Furthermore, the marathon provides an opportunity for runners to experience the wild as well as get the opportunity to qualify for the popular Comrades marathon. Participants can choose to complete one of three races, the full marathon which is 42 km, and a half marathon which is 21 km or a 10 km race. There is also a 5 km fun run for the whole family, which is very popular among children and casual supporters. Participants are limited to 300 runners per race and there is no limit on the 5 km fun run. According to Marakele's Park Manager, Mphadeni Nthangeni, "This marathon has gained so much momentum and we do it for the people of Thabazimbi and South Africa at large... getting an opportunity to run in a big five national park is a thrilling feeling and this event offers that to the participants and we hope this year won't be any different." He further added that, "The proceeds from this marathon will go to the Honorary Rangers who will plough it back into the park towards conservation activities." **Those who wish to participate can register online at www.racetime.co.za and manual entries as well as accommodation in the park please contact Elise Coetzer on elisecoetzer65@gmail.com or fax 086 613 0720. For additional information, contact the South African National Parks (SANParks) on 012 426-5304.**

Super Rugby Week 4

 Crusaders vs Blues Die Saders wen teen die Blues 33-24 in Christchurch maar oortuig glad nie ou grote. Die Blues speel strate beter as verlede jaar en kan een van die dae weer saam met die groot honde blaf. Die Crusaders speel volgende teen die Force tuis met die Blues wat in Auckland teen die Bulle te staan kom.	 Waratahs vs Brumbies In 'n tipiese eentonige Aussie derby slaag die Brumbies daarin om die Tahs 28-12 die loef af te steek. Die Brumbies speel dan volgende teen die Highlanders in Canberra met die Waratahs wat in Melbourne teen die Rebels gaan uitdraaf.
 Rebels vs Chiefs Die Chiefs moes hard spook in Melbourne om die Rebelle te klop en wen 27-14. Die Chiefs het volgende week 'n loslootjie met die Rebels wat in Melbourne teen die Waratahs gaan uitdraaf.	 Leeus vs Reds In Jo'burg lewer die Leeus 'n puik vertoning teen die Reds en wen gemaklik 44-14. Vir die Leeu vleuel, Courtnall Skosan was die dag op kantoor uiters suksesvol. Die jongman druk nie minder as vier drieë nie ou grote. Die jong senter Ruan Janse van Rensburg het ook weer beïndruk met sy puik spel op aanval en verdediging. Die Leeus reis volgende PE toe om teen die Kings te gaan uitdraaf met die Reds wat in Buenos Aires teen die Jaguars moet opdaag.
 Bulle vs Sunwolves Op Fort Loftus is die Bulle vir die eerste keer die seisoen aan die wenkant en klop die Japanse Wolwe 34-21. Sels teen 'n swak span soos die Wolwe kan jy maklik jou vingers brand. Die rooi kaart aan Renaldo Bothma in die 41ste minuut het dit bewys toe die Bulle met veertien spelers oor die weg moes kom. Handré Pollard is ook nog nie op dreef nie, maar die hoogtepunt van die game was die terugkeer van die Springboksenter Jan Serfontein. Hy lyk skerp en druk ook twee puik drieë. Die Bulle gaan op toer en speel – volgende teen die Blues in Auckland. Die Wolwe speel in Singapoer teen die Stormers.	 Haaie vs Kings In die Haaitenk onderskat die Durbaniete hul gaste van die Baai af en is baie gelukkig om 19-17 te wen ou grote. Dit was 'n uiters teleurstellende vertoning deur die Haaie voor hulle tuis-skare. Die Kings speel volgende teen die Leeus in PE met die Haaie wat Bloemfontein toe reis om teen die Cheetahs te gaan uitdraaf.
 Hurricanes vs Highlanders In Wellington speel die Canes puik ruggas in die tweede helfte en ransel die Highlanders gemaklik 41-15 af. Die Chiefs is ook nou die voorlopers op die NZ puntetabel. Die twee paar broers in die Canes gelede by name Savea's en Barretts was 'n handvol ou grote. Die Highlanders speel volgende teen die Brumbies in	 Jaguars vs Cheetahs Die katgeveg in Buenos Aires word deur die Jaguars gewen ou grote. Die Argentyne dis puik ruggas op en wen 41-14. Die Blikore hou maar nie daarvan om te toer nie, maar sal baie vinnig uit die doeke moet kom as hulle ooit die Super titel wil wen. Die Cheetahs speel volgende tuis teen die Haaie in Bloem en die Jaguars lê en lippe lek vir die Reds in Buenos Aires.

Sluit aan by die Rustenburg Amateur Stoei Klub

Rustenburg – Die Rustenburg Amateur Stoei Klub nooi enige iemand van die gemeenskap om by die klub aan te sluit. Oefentye is Maandae en Donderdae, tussen 18h00 en 20h00. Vir meer informasie, kontak gerus vir Gert Coetzee, voorsitter van die klub, by 082 808 4196 of by: gert.coetzee@implats.co.za. Mariana Coetzee kan ook gekontak word by 082-3789 665.

